**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 12 APRIL 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitees |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/04/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.
'n Spesiale verwelkoming word gerig aan Raadsdame, Kelly van Tendeloo en Munisipale Bestuurder Hans Welters van Heist-op-den-Berg, België.

***

**BKN002/04/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Wessels – SALGA vergadering, Prins Albert

***

**BKN003/04/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/04/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 27 MAART 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 27 Maart 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/04/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/04/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:
Sy bied 'n geleentheid aan Raadsdame van Tendeloo om groete oor te dra en 'n geskenk te oorhandig namens Heist-op-den-Berg aan die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder. Die geskenk is Belgiese sjokolade wat dadelik met almal teenwoordig gedeel word.

***

**BKN007/04/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/04/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/04/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AANSOEK OM VERLENGING VAN HANDERSURE, ERF 150 (DWARSKERSBOS DRANKWINKEL), DWARSKERSBOS**
**9/1/2**
***('n Verslag soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die aansoek om verlengde handelsure op Erf 150 (Dwarskersbos Drankwinkel), Dwarskersbos toe te laat, **goedgekeur word** vir 28 April 2018 vir die tydperk 09:00 tot 19:00 in terme van Bergrivier Munisipale Verordening insake Drankhandelsdae en -ure; omrede:

- geen negatiewe inset/kommentaar vanaf die omliggende grondeienaars of Greater Velddrif CPF ontvang is nie.

***BESTUURDER: BEPLANNING & ONTWIKKELING***

***

**BKN010/04/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2017 TOT 31 DESEMBER 2017**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies gestuur – Bylae B)***

**AANBEVELING: TER INLIGTING AAN DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie Beoordeling Artikel 57 Poste vir die tydperk 1 Julie 2017 tot 31 Desember 2017.

***

**BKN011/04/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en meld aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dat 'n vergadering sal plaasvind op Vrydag 13 April 2018 met die Nasionale Departement Waterwese en dat die afvaardiging van Bergrivier Munisipaliteit bestaan uit haarself, die Uitvoerende Burgemeester, Raadslid Wessels en die Direkteur Tegniese Dienste.

Die Munisipale Bestuurder bedank die Direkteur Tegniese Dienste vir al die berekeninge wat gemaak is ter voorbereiding van Vrydag 13 April 2018 se vergadering.

Op versoek van die Uitvoerende Burgemeester bedank die Speaker die Direkteur Tegniese Dienste en sy span namens die Raad ten opsigte van die hantering van die waterkrisis in Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/04/2018**
**VERMINDERING VAN GRONDGEBRUIKAANSOEK TARIEWE VIR BEWAARSKOLE**
**15/3/8**
***('n Vervangende bladsy word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee agtergrond, waarna hy die aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorlees.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Op aanvraag deur Raadsheer van Rooy ten opsigte van die vorige eindtydperk van 30 April 2018 stel die Munisipale Bestuurder voor dat die tydperk verleng kan word na 30 Junie 2018 en administratief afgehandel word.

Die Komitee steun bogenoemde voorstel.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die grondgebruiksbeplanning tariewe vir 2018/2019 soos op die gewysigde BYLAE D in die verslag, aanbeveel word na die Raad in Mei 2018;
2. Dat die vorige tydperk van 30 April 2018 verleng word na 30 Junie 2018 en administratief afgehandel word.
3. Dat goedkoper maniere ondersoek word vir die plasing van advertensies in die Weslander en Die Courant; en
4. Dat oorweging geskenk word om advertensies slegs een (1) keer in die plaaslike koerante te adverteer.

***

**BKN013/04/2018**
**AANSOEK OM VERLENGDE DRANKHANDELSTYE: ERF 789 (MOODLEY BOTTELSTOOR), PIKETBERG**
**14/1/2/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item, waarna hy die aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorlees.

**BESLUIT**

Dat die aansoek om verlengde handelstye op Erf 789 (Moodley Bottelstoor), Piketberg vir 28 April 2018 vanaf 09:00 - 20:00, **goedgekeur word** in terme van Bergrivier Munisipale Verordening insake Drankhandelsdae en -ure.

***BESTUURDER: BEPLANNING & ONTWIKKELING***

***

**BKN014/04/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN015/04/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN016/04/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN017/04/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN018/04/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN019/04/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:40***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
24 APR 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***